# 09 KONINKRYKSTYD

Jaargang 24 | 5 Junie 2026

# VRY POS



LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk
Vrystaat



# Celicia McLean
# REDAKTEUR


## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**


***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Louwrens Scheepers
Leon M Foot | Stéphan van der Watt
Andries Gous | Inné van Zyl
Juan du Toit | Jan Lubbe
*CLF* | *Kerkbode* | *Bybel-Media* | *Engo* | *TOIBO*
*Bybelgenootskap SA* | *Winterhoop*

## KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyd breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyd sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

*(@ vars.com)*

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 19 Junie** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING | Interimkomitee
**Mariëtte Odendaal** | *Vyf leiers. Vyf stories. 'n Pad van Genade en Diens*

## ARTIKELS 09

09 | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Louwrens Scheepers** | *Geregtigheid*

11 | BEDIENINGSBEGELEIDING | JONK Netwerk
**Leon M Foot** | *Jeugmaand: Waarom is daar soveel verkragtings?*

14 | VENNOTE IN GETUIENIS | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: Video-verslag van sleutelmomente*

15 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID | Gevangenisbediening
**Mariëtte Odendaal** | *"'n Tweede kans" - Hoe 'n besoek aan die Grootvlei Gevangenis my verander het*

17 | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

19 | ALGEMEEN | Pinkster 2026
**Inné van Zyl** | *Leon van Blêrfontein bring Pinksterboodskap na kinders*

20 | ALGEMEEN | E-kom Byeenkoms 2026
**Juan du Toit** | *E-Kom 2026: Waar NG Kerk-stories mekaar vind op 'n "lewende" kaart*

## MEDIATEEK 23

**Leon M Foot** | *Kom, lees*

- Anriëtte de Ridder, Francois Maritz en Stephan Naudé | *"Embrace the future: 12 trends on young adults, the church and spirituality" (2023)*
- John de Gruchy (ed) | *"The Cambridge companion to Dietrich Bonhoeffer" (1999)*

## VERJAARSDAE 25

## EKOLOGIE 26

**Mariëtte Odendaal** | *Kom ons vier Wêreld-omgewingsdag - 5 Junie*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 27

27 | Noodleniging vir die Wes- en Suid-Kaap
29 | Projek WinterHoop
30 | Advertensies

## OPLEIDING 32

## KERKBODE BROKKIES 33

## PUBLIKASIES 34

## WAT'S NUUS? 35

## KALENDER

## VAKATURES/AFLOSLYS

## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 37

**Jan Lubbe** | *Om oor die rivier te kyk ...*

## KONTAK ONS 38



# Vyf leiers. Vyf stories.

VISIONERING
Interimkomitee
*Mariëtte Odendaal*

## 'n Pad van Genade en Diens

Ons **55ste NG Kerk Vrystaat Sinode** vind vanaf 7 tot 10 Junie te Nampopark in Bothaville plaas.

Dit beteken dat ons moet afskeid neem van ons moderamen se vyf interimkomiteelede; toegewyde leiers wat vir die afgelope vier jaar ons kerk deur heelwat driwwe, oor steil bulte en verby diep afdraandes moes lei.

Ons het met hulle gaan gesels oor hoe hulle hierdie tydperk ervaar het.

LEES **HIER** »

**Ds Jan Lubbe**
Voorsitter

**Dr Dawie Botes**
Ondervoorsitter

**Ds Hannes du Plessis**
Skriba

**Ds Adrie Potgieter**
Addisionele lid

**Ds Christo Weideman**
Verteenwoordiger van STK

# Ds Jan
## Lubbe

### Voorsitter



**Jan, waarvoor was jy hoofsaaklik verantwoordelik in hierdie tyd?**

"Ek het vir die afgelope termyn (2022 tot 2026) as voorsitter van die moderamen gedien. Dit het die leiding van 21 vergaderings van die moderamen asook 30 interimkomitee (dagbestuur-) vergaderings behels; ook enkele kleiner werkgroepe of taakspanne waarnee ek moes help. Hierdie vergaderings is verspreid deur die Vrystaat gehou. Tydens hierdie termyn het ons ook nog twee buitengewone sinodesittings gehad (in 2023 en 2024) waarvan ek as voorsitter aangewys was."

**Wat was vir jou die grootste uitdagings in hierdie tyd?**

"Daar was hoofsaaklik vier uitdagings. Eerstens was dit om ná die ontwrigting van Covid-19 (vanaf 2020 tot 2022) en die nuwe werklikheid wat dit teweeg gebring het, ons belewenis van 'ons is aan mekaar verbind,' op nuwe maniere tot uitdrukking te bring; om mekaar weer te vind, te ontmoet, te leer ken en van mekaar te leer of raad te kry oor hoe ons bedieningswêreld verander het.

"Tweedens was dit om, gegewe interne spanninge rakende 'n aantal teologies-etiese kwessies en die vervreemding wat dit reeds vóór 2022 gebring het, ons as Vrystaatse kerkverband te stabiliseer; vrede te probeer maak; eenheid na te streef en 'n welwillende weg vir almal te probeer vind.

"Nog 'n uitdaging was om deurgaans 'n boodskap van bemoediging aan kollegas en lidmate te gee, veral ook in klein gemeentes, terwyl ons in ons Vrystaatse konteks en gemeenskappe (maar ook nasionaal en internasionaal) 'n baie onstuimige tyd beleef het – van die oorloë in die Oekraïne en die Midde-Ooste, tot daaglikse misdaad en die kanker van korrupsie en die Algemene Verkiesing van 2024, tot die rampe van veldbrande, vloede en nou ook bek-en-klouseer.

"Laastens was dit 'n uitdaging om te midde van dit alles ons kop op te tel en vorentoe te probeer kyk, te visioneer en te vra waarheen is God met al die gemeentes in die Vrystaat en ons roeping as kerkverband met ons op pad."

**Hoe het jy te werk gegaan om moeilike besluite te neem en leiding te gee?**

"Ek het probeer luister – na voorgangers, kollegas en lidmate – om hulle wêreld te leer ken en te probeer verstaan. Dit het dan elke keer weer teruggelei na die Woord, die ou Skrifte en die spreke van God in Christus en deur sy Gees.

"Soms moes 'n mens eenvoudig vra: 'Wat sou Jesus nou doen of sê?' Ander kere moes jy saam met die Psalms wag en kyk waarlangs God ons lei. Die maandelikse Taizédiens in ons gemeente, waar daar soveel tyd vir stilte en gebed gegee word, was vir my 'n ankerpunt, asook die kere wat ons as moderamen na Menuha toe kon uitgaan, om dáár tyd saam te kon deurbring in afsondering, in die kapel, in ons lees en luister na die Woord. En 'n hoogtepunt: Die Predikante-saamtrek verlede jaar by Amanzi; die verhaal van Elia op pad na en by die Berg Horeb, saam met soveel kollegas!"

**Wat het vir jou in hierdie tyd hoop gegee of bemoedig?**

"Die volgende drie ontmoetings het my veral baie bemoedig: Eerstens my ontmoeting met God op verskillende tye en maniere soos hierbo genoem."

**Lees meer »**

# Dr Dawie
## Botes

### Ondervoorsitter



**⌈ Dawie, waarvoor was jy hoofsaaklik verantwoordelik in hierdie tyd? ⌊**

"In hierdie afgelope termyn was dit my primêre verantwoordelikheid om in spanverband saam te dink, te beplan en binne ons opdrag van die Sinode Vrystaat te bly. Ons moes ook as span saamwerk om strategiese leiding te gee en deurentyd as kerk op Christus te fokus. Dit is waarin die hoop en anker van die kerk lê. Dit is ook 'n groot verantwoordelikheid om as fasiliteerders leiding te help gee aan ons opvolgers in die tydperk na die volgende sinodesitting."

**⌈ Wat was vir jou die grootste uitdagings in hierdie tyd? ⌊**

"Dit was 'n uitdaging om na al die verskillende stemme te bly luister. 'n Ander uitdaging was tyd. As leierskap sou ons beslis meer tyd wou spandeer by elke leraar en gemeente, maar dit was net onmoontlik.

"Ons leef ook in al hoe moeliker ekonomiese tye wat soveel druk plaas op alle gemeentes en leraars, veral kleiner wordende gemeentes.

"Die toenemende tekort aan leraars bly ook 'n groot uitdaging."

**⌈ Hoe het jy te werk gegaan om moeilike besluite te neem en leiding te gee? ⌊**

"Deur doelbewus te kies vir luisterende leierskap en spanwerk.

"Ek het probeer om in alles biddend en diep afhanklik van die Here te bly. Ek het net besef dat my eie wil en insigte fataal sou wees.

"In hierdie tyd het ek probeer om 'n pad van vrede te kies en konflik te vermy. My ankervers ten opsigte hiervan was Romeine 12:18: 'As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.'"

**⌈ Wat het vir jou in hierdie tyd hoop gegee of bemoedig? ⌊**

"Die Here hou die kerk in stand ten spyte van ons. Dit gee my altyd hoop."

**⌈ Tot watter nuwe insigte ten opsigte van kerkwees het jy in hierdie afgelope vier jaar gekom? ⌊**

"Aan die einde van die termyn besef ek dat ons as leiers ook maar net brose mense is wat juis as gevolg daarvan in diepe afhanlikheid van die Here moet leef. Die NG Kerk gaan oor honderd jaar steeds hier wees, maar dit gaan baie anders lyk en wees, net soos ons kerk nou baie anders lyk en is as honderd jaar gelede."

**⌈ Wat is jou droom vir die NG Kerk Vrystaat? ⌊**

"My droom is dat ons kerk te alle tye onbeskaamd getuies van Jesus Christus sal wees; dat ons daar sal wees vir gebroke mense wat soekend is en vertroosting by die kerk soek.

"Mag ons kerk die plek wees waarheen elkeen wat behoeftig is, se nood gehoor sal word, hulp beskikbaar sal wees en waar mense sal weet dat ons as navolgers van Christus langs hulle sal gaan sit en na hul stories van nood sal luister."

⌈ **Lees** meer »

# Ds Hannes
## du Plessis

### Skriba



**Hannes, waarvoor was jy hoofsaaklik verantwoordelik in hierdie tyd?**

"Ek was verantwoordelik vir die opstel van agendas en notules van die interimkomitee- en moderamenvergaderings met behulp van Lisma Liebenberg se ondersteuningsvaardighede. Ek was ook verantwoordelik vir die skakeling tussen ons sinodale bedieninge, die sinodale kantoor en die interimkomiteelede en die moderamen. Ten opsigte hiervan was my fokus hoofsaaklik visionering en korrespondensie."

**Wat was vir jou die grootste uitdagings in hierdie tyd?**

"Dit was maar die dolerende gemeentes, veral leraars en gemeentes wat hulle nie meer as deel van die NG Kerk Vrystaat en/of die Algemene Sinode beskou nie. Ons het baie tyd en energie daaraan bestee om akkommoderend te wees, ringe te besoek en kerkregtelike sake te hanteer."

**Hoe het jy te werk gegaan om moeilike besluite te neem en leiding te gee?**

"Spanwerk. Daar is baie kundiges in die NG Kerk Vrystaat en sinodale kantoor by wie ek om hulp kon aanklop. Sonder hierdie ondersteuning sou ek nie die pas kon volhou nie."

**Wat het vir jou in hierdie tyd hoop gegee of bemoedig?**

"Ons is as mense van nature geneig om op probleme en uitdagings te fokus. Daar is egter baie meer goed en mooi aan kerkwees as sleg. Dit was en is my behoud om bemoedigende verhale te hoor en te koester."

**Tot watter nuwe insigte ten opsigte van kerkwees het jy in hierdie afgelope vier jaar gekom?**

"Dat die Christendom besig is om sy 'wêreldse' mag te verloor; dat dit pynlik is, maar dat dit nie noodwendig sleg is nie.

"Dalk is ons in ons broosheid en nederigheid meer kerk as wat ons besef."

**Wat is jou droom vir die NG Kerk Vrystaat?**

"My droom is dat daar minder plek op agendas vir 'kerkregtelike sake' sal wees en meer plek vir dit wat waarlik saak maak; dit wat werklik die nood in ons tyd is en die hoop wat die evangelie bring. Mense is honger vir hoop en is teleurgesteld in die politieke onbeholpenheid wat ons oral om ons ervaar. God se oplossing vir die land is nie 'n politieke party nie, maar sy kerk."

**Kan jy asseblief 'n kort groeteboodskap aan die gemeentes, leraars en lidmate gee?**

"Dankie aan al die gemeentes wat soos mosterdsaadjies en suurdeug die Koninkryk van God uitleef sonder dat dit ons koerante haal en op plakkate verskyn. Hou aan om die goeie stryd te stry, al is dit moeilik.

"Die hoofteks vir ons sinodesitting is Esegiël 47:1–12; mag daar lewende water vloei uit elke gemeente. Mag hierdie lewende water 'n dors wêreld na Christus lei."

**Lees meer »**

# Ds Adrie
## Potgieter

### Addisionele lid



**Adrie, waarvoor was jy hoofsaaklik verantwoordelik in hierdie tyd?**

"As addisionele lid van die interimkomitee het ek nie 'n spesifieke portefeulje of formele amptelike verantwoordelikhede gehad nie, maar ek was deel van die visioneringsgesprekke, vergaderings, ontmoetings met gemeentes en besluitnemingsprosesse gedurende hierdie termyn. My rol was hoofsaaklik om saam met die ander lede van die interimkomitee en moderamen insette te lewer, saam te dink en deel te wees van die onderskeidingsproses rondom uitdagings en besluite."

**Wat was vir jou die grootste uitdagings in hierdie tyd?**

"Een van die grootste uitdagings in hierdie tyd was waarskynlik om saam met mense uit verskillende agtergronde, perspektiewe en oortuigings na 'n pad vorentoe te soek. Die kerk bestaan uit mense wat almal lief is vir die Here en opreg hulle roeping ernstig opneem, maar wat soms verskillend dink oor hoe sekere sake gehanteer moet word.

"Tog was dit juis ook een van die mooiste aspekte van hierdie tyd – om te sien hoe mense, ten spyte van verskille, steeds saam kan bid, luister, gesprek voer en onderskeidend na oplossings soek. Vir my was dit 'n groot voorreg om soveel passievolle en toegewyde mense te ontmoet en saam met hulle deel te kon wees van die gesprek oor die kerk se roeping en getuienis in ons tyd."

**Hoe het jy te werk gegaan om moeilike besluite te neem en leiding te gee?**

"Met moeilike besluite het ons as moderamen en interimkomitee probeer om altyd met deursigtigheid, eerlikheid en respek teenoor mekaar op te tree en saam te werk. Ons het moeite gedoen om sake deeglik deur te praat. Dit was vir my belangrik dat leiding nie net oor strukture en besluite gaan nie, maar ook oor verhoudings, vertroue en 'n gesamentlike soeke na God se wil.

"Ek het in hierdie tyd opnuut besef hoe belangrik dit is om met nederigheid leiding te gee – om nie altyd al die antwoorde te probeer hê nie, maar om saam met ander in geloof en wysheid 'n pad vorentoe te soek."

**Wat het vir jou in hierdie tyd hoop gegee of bemoedig?**

"Wat my die meeste hoop en bemoediging gegee het, was die diepe besef dat dit uiteindelik die Here is wat sy kerk in stand hou en lei. Daar was verskeie oomblikke waar ek onseker gevoel het oor die pad vorentoe en gewonder het hoe sekere uitdagings of moeilike sake ooit opgelos sou word. Tog het ek telkens beleef hoe daar, soms op verrassende maniere, 'n weg oopgegaan het."

**Tot watter nuwe insigte ten opsigte van kerkwees het jy in hierdie afgelope vier jaar gekom?**

"Dat kerkwees dikwels minder daaroor gaan om altyd vinnig by antwoorde uit te kom en meer oor die bereidheid om saam te bly luister, praat, bid en onderskei. Ek het opnuut besef hoe belangrik dit is dat ons, selfs te midde van verskillende perspektiewe en uitdagings, aan mekaar en aan die eenheid in Christus moet bly vashou."

**Lees** meer »

# Ds Christo Weideman

## STK-verteenwoordiger



### Christo, waarvoor was jy hoofsaaklik verantwoordelik in hierdie tyd?

"Ek was verantwoordelik vir die aanpassing van die Kerkorde ná die Algemene Sinodesitting van 2023, die hantering en bestudering van veral Artikel 37 daarna met die oog op 'n buitengewone Vrystaat Sinodesitting in 2024. Ek was ook verantwoordelik vir die voorbereiding van daardie sinodesitting, asook talle kerkordelike adviserings en enkele tugsake."

### Wat was vir jou die grootste uitdagings in hierdie tyd?

"Tugsake. Dit was en is tans nog steeds 'n baie groot uitdaging, frustrasie en krisis in my hoedanigheid as voorsitter van die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK)."

### Hoe het jy te werk gegaan om moeilike besluite te neem en leiding te gee?

"Ek het die voorreg gehad om groot en goeie leiers te kon hê wat alreeds hierdie pad op sinodale vlak (beide provinsiaal en nasionaal) voor my gestap het. Hulle het my kerkregtelike mentors in hierdie tyd geword. Hul insigte en leiding was van kardinale belang en onskatbare waarde."

### Wat het vir jou in hierdie tyd hoop gegee of bemoedig?

"Dit was beslis die goeie kollegas (in die breë sin van die woord) in ons kerk – mense wat graag die Koninkryk van God sigbaar, ook in die NG Kerk, wil sien en hulle daarvoor beywer."

### Tot watter nuwe insigte ten opsigte van kerkwees het jy in hierdie afgelope vier jaar gekom?

"Eerlik? Ek het dit 'n paar keer in hierdie jare gesê: 'Dit is nie soseer die kerk wat nie op 'n goeie plek is nie, maar sekere individue in die kerk.' Dit veroorsaak dat die kerk baie negatief deur mense buite die kerk ervaar word."

### Wat is jou droom vir die NG Kerk Vrystaat?

"Ek droom steeds van 'n kerk waar Christus die Hoof van sy kerk sal wees en die kerk as deel van sy liggaam sal opereer en dien; waar ons almal vir sy eer en Koninkryk sal werk, sing, bid en gee."

### Kan jy asseblief 'n kort groeteboodskap aan die gemeentes, leraars en lidmate gee?

"Dit was 'n besondere voorreg om met hierdie groot verantwoordelikheid vertrou te kon word. My innige dank aan die hele STK waarsonder ek nie sou kon werk nie, my mentors op verskeie vlakke en my kollegas in die moderamen. Baie dankie aan elke leraar, kerkraadslid en selfs gewone gemeentelede wat soms met groot geduld moes wag vir kerkordelike advies.


"My gebed is dat die Here se ryke seën op die nuwe aktuarius en sy span sal rus; dat daar 'n tyd van groter rustigheid in ons Sinode Vrystaat sal kom; dat ons dié droom sal najaag en leef – Christus is Koning en Heer van sy kerk, en so ook van elke gemeente!"

Lees meer »

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

**Foto:** *John Dominic Crossan (oorgeneem uit Facebook)*



BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Ds Louwrens Scheepers*

# Geregtigheid

*Hierdie artikel is ds Louwrens Scheepers se opsomming van die webinaar van John Dominic Crossan oor "**The Biblical God of Justice**".*

**Die webinaar van John Dominic Crossan oor "*The Biblical God of Justice*"** is 'n poging om die Bybelverhaal deur een lens te lees: God se begeerte vir distributiewe (verspreidende) geregtigheid – 'n wêreld waar daar genoeg is vir almal, en waar lewe gedeel word eerder as opgegaar word.

1. **Geregtigheid is nie hoofsaaklik straf nie — maar regverdige verdeling**

Een van Crossan se sentrale idees is dat "justice" in die Bybel primêr distributief eerder as retributief is. Met ander woorde:

- God se geregtigheid gaan nie eerstens oor straf nie,
- Maar daaroor dat almal genoeg het,
- dat lewe gedeel word,
- dat die kwesbares beskerm word,
- en dat die skepping nie deur magtiges beheer word nie.

Ek dink die werklikheid is dat baie gemeentelede "geregtigheid" verstaan as:

- sonde wat gestraf moet word,
- morele orde wat gehandhaaf moet word,
- hemel/hel.

Crossan herinner my dat die profete, die Torah, Jesus se bediening, en Handelinge se gemeenskapslewe alles sterk ekonomiese, sosiale en gemeenskapsdimensies het. Veral in 'n Suid-Afrikaanse konteks van ongelykheid kan dit help om evangelie en daaglikse lewe weer aan mekaar te verbind.

2. **Genesis 1 gaan volgens Crossan oor orde en genoeg — nie oor wetenskap nie**

Crossan lees Genesis 1 as 'n visie van kosmiese harmonie, ritme, balans en genoegsaamheid vir almal.

Die Sabbat is vir hom die klimaks: Dit gaan nie oor "werk harder" nie, maar oor rus, beperking van produksie, beperking van mag, menswaardigheid vir almal.

Vir my help dit as prediker om in die lees van Genesis nie eerstens te vra "Hoe het God geskep?" nie, maar "Watter soort wêreld wil God hê?"

3. **Crossan lees die Bybel as 'n voortdurende stryd tussen God se droom vir die wêreld en wat die mens daarmee maak**

Crossan se groot narratief: God roep ons telkens om 'n wêreld te skep waar ons dit wat vir ons gegee word met mekaar deel. Die mens bly egter voortgaan om eie koninkryke van hiërargie, geweld en uitbuiting te bou. Crossan sien hierdie spanning reeds tussen die skeppingsverhaal in Genesis 1 en die verhaal van Kain; ...

**Lees** meer »


Stillepolis
STAP IN STILTE. RUS IN SY VREDE.
Stap in stilte
na 'n plek van stilte...
Stillepolis
Winter Retraite:
14 - 17 Junie 2026
Innerlike vrede
Verbind met die natuur
Rus vir jou siel
Stillepolis
Lente Retraite
20 - 25 September 2026
Kom vir 2 tot 5 nagte – dit is jou keuse!
Bring jou stapskoene vir die
22km na plaasbestemming op die eerste dag
Bespreek by:
www.stillepolis.com
Navrae: WhatsApp 072 115 0057

# Jeugmaand

BEDIENINGSBEGELEIDING
JONK Netwerk
*Dr Leon M Foot*

# Waarom is daar soveel verkragtings?



**Van 29 Mei tot 5 Junie 2026 is dit Nasionale Kinderbeskermingsweek.**

***Vanjaar se tema: Samewerking in die beëindiging van geweld teen kinders.***

In SA word 117 verkragtings per dag aangemeld.

Dis een elke 12 minute. Heel dag. Elke dag!

Tussen 28% en 34% van SA mans erken dat hulle al verkrag het!

Verkragting was nog altyd 'n grusame vergryp. Ongelukkig gebeur dit so baie dat ons weersin afgestomp word en ons samelewing ongevoelig raak oor die lot van die slagoffers.

'n Onlangse saak in die VK het verkragting weer deel van die openbare diskoers gemaak. Drie tienerseuns is skuldig bevind aan die verkragting van twee meisies. Die seuns was destyds 13 en 14 jaar oud.

Wat hierdie verkragting soveel erger maak, is dat die seuns 'n 90-minuut-video van hulle eerste slagoffer (15) se beproewing gemaak het wat hulle later op sosiale media gedeel het. Die tweede meisie (14) is met 'n mes gedreig en gedwing om haar selfoon en AirTag in die winkel te los sodat sy nie opgespoor kon word nie. Sy is gedwing om na 'n afgeleë veld te loop waar sy deur twee van die beskuldigdes verkrag is.

Na hul skuldigbevinding is die oortreders nie tot tronkstraf gevonnis nie, maar tot 'n driejaar-jeugrehabilitasieprogram en 180 dae van intensiewe toesig en waarneming. Die regter het gesê hy wou nie die seuns kriminaliseer nie – hulle was nog so jonk.

Dit waar mag wees, en dalk 'n goeie gebaar, maar wat van die slagoffers? Wat van die meisies wat verkrag is en lewenslank tot trauma gevonnis is? In die woorde van een van die slagoffers: "He (the judge) almost made it seem as if what the boys did was not OK, but it was OK in the eyes of the law, because they were still children," she said speaking anonymously. "What was the point in putting me through that?"

Hoe reageer ons hierop in Suid-Afrika met ons verkragtingskultuur waar daar elke twaalf minute 'n verkragting aangemeld word? (En dan praat ons nie eers oor al die gevalle wat nie aangemeld word nie).

Ons moet onthou dat verkragting nie in die eerste plek 'n seksuele daad is nie.

**Lees** meer »

*Gelukkige*

# JEUGDAG

## 16 JUNIE

## JOU TOEKOMS.
## JOU DROME.
## JOU TYD.

Aan ons jeug – die dromers, die doeners, die leiers van môre.

Glo in jouself, werk hard en maak 'n verskil. Die toekoms is in jou hande.



*Wees die verskil.*

## VANDAG.

MÔRE. ALTYD.

**DROOM GROOT**
Alles begin met 'n visie.

**WEES MOEDIG**
Durf uitdagings aanpak.


**MAAK 'N VERSKIL**
Jou dade vandag bou 'n beter môre.



NG Kerk Vrystaat

# Barend Wessels
## Gedenksentrum








MEENTHUISE
# TE HUUR

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

**HUURBEDRAG**

**R8,380** / MAAND

**MEENTHUIS SE LIGGING**

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

**KENMERKE**

2 Slaapkamers

1 Badkamer

1 Motorhuis

110 m²

**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING** ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## *Video-verslag van sleutelmomente*

Die somer is met ons in volle glorie. Groen, welig en warm! Oral om ons is die rysboere aan die plant, met groot verwagting vir rekord oeste in 'n tyd van hemelhoë **ryspryse**. Verder raak die dae hier al hoe meer bedompig en dreig die eerste tifone om die reën seisoen in Kobe ook te laat aanbreek.

In hierdie nuuflits kyk ons vir 'n oomblik terug na die sleutelmomente van ons werk as deel van Missie Japan die afgelope jaar. Ons is deurentyd bewus van die feit dat niks hiervan moontlik sou wees sonder die gebede, bemoediging en ondersteuning van ons medewerkers nie. Mense soos jy en gemeentes soos dié waarvan jy deel is.

Ons sê "baie baie dankie!".

Ons is regtig begenadig en bevoorreg om jou/julle te hê as ons getuienisvennote ... Hou asseblief vol daarmee. Om die evangelie te deel in Japan — soos met rysplantery — bly 'n marathon eerder as 'n naelloop!

Kyk gerus na die **video** en deel asseblief die terugvoer verder in jou netwerk.




Vrede en vreugde, in Christus.

Stéphan, Carina en gesin
(ook namens Tobie en Annalie de Wet)

**Lees** meer »

***Foto:*** *verskaf*



DIENS VAN BARMHARTIGHEIDS
Gevangenisbediening
*Mariëtte Odendaal*



# “’n Tweede kans”

Dit was vroeg een Donderdagoggend toe ds De la Harpe le Roux (Diens van Barmhartigheid), Frikkie van Wyk (leier van die Uitreikbediening by Pellissier-gemeente) en Andreas Nieuwoudt (koördineerder van Arbeids- en Middestad-bediening) op uitnodiging van Ilse Philips op besoek was aan die Grootvlei Gevangenis waar sy gereeld die mense daar geestelik bedien. (Lees gerus Frikkie en Andreas se ervaring hiervan onderaan: ***Hoe ’n Besoek aan die Grootvlei Gevangenis my verander het.***)

Ons het met Ilse gaan gesels om meer oor dié besondere bediening te wete te kom.

## Ilse, vertel iets van jouself. Waar is jy gebore, waar het jy skoolgegaan, studeer en gewerk?

“Ek is gebore en getoë in Jacobsdal in die Suid-Vrystaat, waar ek aan die Hoër Landbouskool Jacobsdal gematrikuleer het.

“Daarna het ek vir ’n paar jaar in ’n sakeonderneming gewerk, maar het in 2012 begin studeer en ’n Diploma in Bediening (*Ministry*) aan die ***Christ for the Nations South Africa*** Bybelskool verwerf.

> “Vandag, meer as ’n dekade later, is dit steeds my voorreg om hoop, genesing en herstel na mense te bring wat ’n tweede kans nodig het … Agter elke seldeur is daar ’n mens met ’n storie, pyn, hoop en die moontlikheid van verandering.”
>
> **Ilse Philips**
>
> Geestelike werker
> Grootvlei Gevangenisbediening

“In 2014 het ek ***Life Restoration Outreaches*** (LRO), ’n geregistreerde nie-winsgewende organisasie, gestig. Intussen het LRO ingeskakel by **Auksano Trauma Therapy Centre** en werk ons saam as ’n span. Sedert 2026 het ons ook hande gevat met **Towers of Hope** om herstel, rehabilitasie en hoop aan mense wat dit die nodigste het, te bring.”

## Hoe het dit gebeur dat jy by die Grootvlei Gevangenisbediening betrokke geraak het?

“Tydens my Bybelskoolopleiding het ek ’n besondere passie ontwikkel vir gevangenis-bediening. Die vak *Jail and Prison Ministry* het my oë oopgemaak vir mense wat dikwels deur die samelewing vergeet word, maar wat vir God belangrik is.

“Kort daarna het ek mnr David Menyatso, ’n geestelike werker by Grootvlei Gevangenis-diens, ontmoet. Ek het as vrywilliger saam met hom begin bedien en in 2014 is ek daar as geestelike werker aangestel. Vandag, meer as ’n dekade later, is dit steeds my voorreg om hoop, genesing en herstel na mense te bring wat ’n tweede kans nodig het.”

Lees meer »

# Hoe 'n besoek aan die **Grootvlei Gevangenis** my verander het

"Die grootste moment was toe ek saam met ouens in oranje oorpakke hande vat en in 'n sirkel staan en die Here aanbid." (**Frikkie van Wyk**)

"Is daar ooit 'n verskil tussen 'ons' wat vry hier buite rondloop en 'hulle' wat agter ystertralies sit? Is daar 'n verskil ten opsigte van die bediening tussen hierdie twee groeperings? Hoekom kan daardie een groep ondersteuning ontvang sonder enige stigma en die ander groep nie?" (**Andreas Nieuwoudt**)

## Frikkie van Wyk, leier van die Uitreikbediening by Pellissier-gemeente, vertel:

"Ek was een van die genooides wat een Donderdagoggend saam met Ilse Philips en haar span die Grootvlei Gevangenis gaan besoek het. Min het ek geweet dat ek oor 'n paar minute saam met geharde misdadigers in oranje oorpakke in 'n vierkant sou staan.

"Wat 'n belewenis was dit om Ilse en haar span te kon dophou waar hulle hierdie mense voor ons met soveel passie deur middel van sang en prediking bedien. Hierdie prediking het egter 'n dringendheid gehad: 'Daar is nog tyd. Jesus wag vir jou as jy Hom nog nie ken nie. Hy weet alles van jou af en gee nie om wat jy gedoen het nie. Hy vergewe jou en wil deel wees van jou lewe.' Daar is gepreek oor vergifnis, woede en nog baie ander temas wat my laat besef het dat dit maar dieselfde goed is waarmee ons wat buite die tronk is, ook sukkel.

"Daar was oomblikke wat my verstom het om te sien hoe die Heilige Gees besig was om te werk, soos toe ons saam met ander gevangenes op ons knieë gegaan het om die Here te aanbid. Die grootste oomblik was toe ek saam met ouens in oranje oorpakke hande vat en in 'n sirkel staan en die Here aanbid.

"Alles klink dalk vir jou soos 'n storie of miskien vreesaanjaend, maar een ding weet ek vir seker: As jy God wil beleef, moet jy soos Petrus uit die boot klim om sy wonderwerke te kan beleef.

"Dankie vir die geleentheid om op 'n praktiese manier 'n dissipel van Jesus te kon wees. Ons lees in Matteus 25:38: 'En wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek? Dit verseker ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'"

## Andreas Nieuwoudt, bedienaar by Torings van Hoop-gemeente en koördineerder van Arbeids- en Middestadbediening, vertel:

"Dit is vroeg een Donderdagoggend en ons staan vol onsekerheid in Grootvlei Gevangenis se parkeerarea. Die atmosfeer is gelaai met die onbekende en almal probeer maar 'n simpel grappie maak. 'Ek hoop ons kom darem ook weer uit ...'

"Die reëls is vooraf deurgegee, soos dat geen selfone, beursies en los geld toegelaat word nie; slegs jou ID. Ons word nader geroep en stap oor netjiese grasperke en dan oor 'n bruggie oor 'n visdam. Bewaarders in bruin uniforms groet ons vriendelik. Dit help om die spanning te breek.

"Met die intrapslag loop ons in 'n nou gangetjie verby 'n ry manne in oranje uniforms. Hulle groet ook vriendelik en dit lyk asof hulle dit dalk geniet om nuwe gesigte te sien. Ons wag so twintig minute sodat die span hulle klankstelsel kan regkry.

"Die oomblik het aangebreek. Hier gaan ons. Ons loop deur nog 'n nou gangetjie verby selle met dik ystertralies tot ons by die binnehof kom. Omtrent sestig mans staan en wag. Ek sleepvoet maar na die naaste hoekie en kyk versigtig rond. Die gevangenes kyk terug.

"Ek vang myself met die gedagte: 'Wat het daai ou gedoen? Het hy gesteel, geroof, of wat?' Ek sien benoudheid in party se gesigte en besef dat ek wéér moet dink – dat ek beter moet dink en kyk. 'Wie is jy?

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE







# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### God se werk gaan voort in DEGNOS: Jeug, opleiding en bediening bring hoop

Terwyl die dae aanstap en ons elke dag nader beweeg aan die wederkoms van ons Here Jesus Christus, word ons ook herinner aan die kosbaarheid van elke geleentheid om in Sy koninkryk diensbaar te wees. Die oesland staan wit, gereed om geoes te word, maar die arbeiders is min. Daarom is daar groot dankbaarheid vir elkeen wat deel vorm van God se oesspan en saamwerk om Sy evangelie uit te dra. Die afgelope maande was besonder besig in die DEGNOS-bediening, met verskeie jeugkampe, opleidingsgeleenthede, uitreike en ondersteuningsprojekte wat plaasgevind het.

### Geseënde jeugbediening bereik honderde jongmense

Die jaar se vierde jeugkamp op Mkata het suksesvol afgesluit. Die span jeugwerkers het met toewyding gewerk om jongmense te bedien, en hoewel die moegheid begin wys, is daar steeds groot dankbaarheid vir die vrug van hierdie bediening. Die omvang van hierdie kampe is indrukwekkend – van vervoer en kosvoorsiening tot logistieke beplanning – en getuig van die Here se voorsiening deur mense wat hulle gawes in Sy diens stel.

Kort daarna het die laaste jeugkamp van die jaar op Omega in die Caprivi-strook plaasgevind. Die logistiek van hierdie kamp alleen het honderde kilometers se reis behels, met kinders wat oor die lengte van die Caprivi-strook opgelaai en weer huis toe geneem is. Ondanks die hoë vervoerkoste en uitdagings wat daarmee gepaard gaan, het die span opnuut ervaar hoe die Here voorsien in elke behoefte wanneer Sy werk gedoen word.

Die kamp het opnuut bevestig hoe God deur Sy dissipels in die lewens van duisende jongmense werk. Ná vier jaar van volgehoue jeugbediening sien die span steeds hoe die evangelie nuwe hoop en rigting bring.

**Lees** meer »

2020-VERTALING

# GROOTDRUK-BYBELS




ISBN: 9780798226073

ISBN: 9780798226097

ISBN: 9780798226080

Beskikbaar in **BRUIN, MAROEN EN VLOOTBLOU SAGTEBAND**

**BESTEL VANDAG**

**sales@biblesociety.co.za**

www.bybelgenootskap.co.za

bybelgenootskap van suid-afrika

ALGEMEEN
Finalejaar-teologiestudent
*Inné van Zyl*

***Foto's**: Verskaf deur ds Rikus Hattingh.*







# **Leon van Blêrfontein** bring Pinksterboodskap na kinders

Kinderpinkster 2026 by Pellissier-gemeente en die daaropvolgende besoek aan Primêre Meisieskool Oranje is gekenmerk deur vreugde, lag en die boodskap van God se liefde toe Leon van Blêr-fontein sy opwagting gemaak het.

Leon, die geliefde skaapkarakter uit *Die Verlore Skapie*-verhalereeks van Martin Schwella, het tydens die drie aande van Kinderpinkster by Pellissier-gemeente in sy volledige skaapuitrusting verskyn. Saam met kinderbedieningleiers het hy verhale uit die tweede reeks van *Die Verlore Skapie* uitgebeeld en vertel.

Elke aand het op 'n spesifieke tema gefokus. Kinders is onder andere geleer oor boeliegedrag deur die verhaal van Leon en sy vriend Tjoppie.

Die boodskap is verder versterk deur Bybelverhale wat deur ds Rikus aangebied is, waaronder die bekende verhaal van Dawid en Goliat gebruik is. Deur die kombinasie van storievertelling, drama en Bybelverhale is die evangelie op 'n opwindende en toeganklike manier aan die kinders oorgedra.

Die week daarna het Leon ook 'n besoek aan die Primêre Meisieskool Oranje gebring. Hier het hy saam met Oranje-leerders twee verhale uit die eerste reeks van *Die Verlore Skapie* vertolk. Die kinders het met groot entoesiasme deelgeneem deur saam te sing, te dans en die Here te loof voordat die stories aangebied is. Ná elke verhaal is daar ook 'n vers vir die leerders geleer.

Talle drukkies is uitgedeel, pootstote is gegee en waardevolle gesprekke oor God se liefde het ontstaan. Die karakter van Leon help om Bybelse waarhede op 'n manier oor te dra waarmee kinders maklik kan identifiseer en wat hulle lank onthou.

Die Verlore Skapie-reeks bestaan uit drie volledige reekse en is geskryf om kinders op 'n kreatiewe manier van God se liefde te leer. Meer inligting oor die verhale is beskikbaar by ***Die Verlore Skapie-reeks***.

**Lees** meer »

Kommunikasie en Bemarking
*Juan du Toit*

# E-Kom 2026

## Waar NG Kerk-stories mekaar vind op 'n "lewende" kaart

***Foto's**: Verskaf deur Juan du Toit.*



Daar is 'n spesifieke soort stilte wat jy net kry wanneer mense wat dieselfde roeping deel, saam begin werk. Nie 'n ongemaklike stilte nie — eerder een van herkenning. So asof jy in 'n vertrek instap en besef: hierdie mense verstaan hoekom jy hier is. Die E-Kom byeenkoms van 2026 in Wellington het vir mý so begin. En teen die einde daarvan het dit iets baie groter geword as 'n vergadering: dit het 'n herinnering geword dat die NG Kerk se stories nie apart leef nie, maar mekaar dra.

Op 1 Junie 2026 het die E-Kom-span van verskeie NG Kerk sinodes by Kaapstad Internasionale Lughawe ontmoet. Daar, tussen tasse, warm omhelsings en vinnige gesprekke, het die eerste bande alreeds weer begin vorm. Van daar af het ons saam na die **Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington** gereis — 'n plek wat self reeds iets van stilte en verdieping in jou meebring nog voordat die program begin.

Wat my egter getref het, was nie net die formele begin van die byeenkoms nie, maar die menslikheid daarvan. Ou kollegas wat mekaar weer sien en spontaan lag oor vorige projekte. Nuwe gesigte wat vinnig nie meer "nuut" voel nie, maar deel word van die gesprek.

En iewers onder alles is daar daardie sagte besef: ons werk met dieselfde kerk se hartklop, al kom ons uit verskillende hoeke van die land.

Die byeenkoms is by die Boekhuis aangebied — die tuiste van Bybel-Media, en van publikasies soos Kerkbode, LiG en die Jaarboek. Dit was die derde E-Kom-byeenkoms van sy soort, met dr Nioma Venter, die algemene sekretaris van die NG Kerk se Algemene Sinode, aan stuur van sake en daar was 'n duidelike doel: om die NG Kerk se e-kommunikasienetwerk te versterk, kapasiteit te bou en sinodes nader aan mekaar te bring in hoe ons die kerk se stories leef en vertel.

Die tema het alles mooi saamgebind: **"Storiekaart: Waar stories leef".**

En dit is presies wat dit geword het — nie net 'n tema nie, maar 'n ervaring.

In samewerking met *Kerkbode* het ons aan die "On the Map"-inisiatief gewerk. Binne 'n paar uur het elke deelnemer sy of haar eie "storievlaggies" op 'n interaktiewe kaart begin plaas.

**Lees** meer »

# “Go **TURQUOISE** for the elderly”

## Hoe om die regte Bejaardesorgsentrum te kies: Wat om te vra en waarna om uit te kyk

***Mediaverklaring**: Vrystelling op 2 Junie 2026*

***Foto**: Canva*




## ARTIKEL 3

Die keuse van ’n bejaardesorgsentrum is ’n belangrike en emosionele besluit. Dit gaan nie net oor akkommodasie nie, maar oor die veiligheid, welstand en waardigheid van ’n geliefde in hul latere lewensfase. Daarom is dit noodsaaklik om deeglik navorsing te doen en die regte vrae te vra voordat ’n besluit geneem word.

### Bepaal die behoeftes van die bejaarde

Die eerste stap is om die spesifieke behoeftes van die ouer persoon te verstaan. Sommige mense is nog onafhanklik en benodig slegs minimale ondersteuning, terwyl ander voltydse versorging of spesialis-sorg vir toestande soos demensie of mobiliteitsprobleme benodig. Dit help om te bepaal of ’n onafhanklike wooneenheid, ondersteunde leefomgewing of verswakte sorgafdeling geskik is.

### Doen navorsing en besoek die sentrum

Dit is belangrik om meer as een sentrum te besoek.

Let op die algemene atmosfeer: Is dit skoon, goed onderhou en vriendelik? Hoe lyk die inwoners – lyk hulle gelukkig en goed versorg? Let ook op hoe die personeel met inwoners omgaan. ’n Sentrum se kultuur en houding sê baie oor die gehalte van sorg.

### Vrae wat jy moet vra

Wanneer jy ’n sentrum besoek, is daar sekere kernvrae wat gevra moet word:

- Watter vlak van sorg word aangebied, en kan dit aangepas word indien die inwoner se behoeftes verander?
- Is daar gekwalifiseerde verpleegkundiges en versorgers op diens, en is daar 24-uur-toesig?
- Hoe word mediese noodgevalle hanteer?
- Watter aktiwiteite en sosiale programme is beskikbaar?
- Hoe word familie by sorg en besluite betrek?

**Lees** hier »



God roep jou ...
07 - 09
AUGUSTUS | Menuha
Met ons aanbieder van Stillepolis, VBO Netwerk
Ds Louwrens Scheepers
Besprekings
Marietjie van der Merwe
076 113 9601
vrouelidmate@gmail.com
vb
VROUEBEDIENING
NG Kerk
Vrystaat

# KOM, LEES

## Anriëtte de Ridder, Francois Maritz en Stephan Naudé

### *Embrace the future: 12 trends on young adults, the church and spirituality (2023)*


"Waarom is al hoe minder jong volwassenes by die kerk betrokke? Hierdie brandende vraag het gelei tot 'n vyfjaar lange navorsingsprojek, wat tot hierdie boek as een van die uitkomste gelei het. Die boek spreek die vraag aan of jong volwassenes steeds 'n behoefte aan geloof en gemeenskap as volgelinge van Jesus het, as hulle nie meer tuis voel in die ruimtes van die tradisionele kerk nie. En indien wel, wat behels dit?

*Embrace the future* is gemik op jong volwassenes en enigiemand wat wonder oor hoe 'n nuwe kerk vorm sal aanneem. Deur te luister na die ervarings van 'n jonger geslag in geloofsake, kan dit ons help om die toekoms te ontdek. Hierdie boek bied 12 tendense oor jong volwassenes, die kerk en spiritualiteit. Die formaat van die boek nooi die leser uit om deel te word van 'n reis na die toekoms. Dit poog om jou te inspireer om by die gesprek aan te sluit. *Embrace the future* sal jou uitdaag om te eksperimenteer en te innoveer in jou eie konteks.

## John de Gruchy (ed)

### *The Cambridge companion to Dietrich Bonhoeffer (1999)*

Hierdie *Companion* dien as 'n gids vir lesers wat die denke en nalatenskap van die groot Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer (gebore 1906, tereggestel deur die Nazi's in 1945) wil verken. Die hoofstukke, geskryf deur outeurs uit verskillende nasionale, teologiese en kerklike kontekste, bied 'n inleiding tot, en kommentaar op, Bonhoeffer se lewe en werk, en lei die leser langs die paaie van sy denke.




Oorgeneem uit: www.amazon.com

Kenners sit Bonhoeffer se politieke, sosiale en kulturele kontekste uiteen en bied biografiese inligting wat onontbeerlik is vir die begrip van sy teologie. Daar is 'n chronologie en 'n woordelys.

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

ouditorium te huur





# BYBELHUIS BLOEM

Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word

- Billike fooie ✓
- Veilige parkering ✓
- Klank en beeld ✓
- Privaat of besigheid ✓



**BESPREEK NOU**

051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## JUNIE

09 — Ds Adrie Potgieter, SENEKAL-NOORD

10 — Ds Joe Müller, KROONSTAD

10 — Mnr Eric Heig, BAREND WESSELS

13 — Ds Willie Badenhorst, WATERBRON

13 — Ds Shaun Darker, WELKOM-SUID

16 — Ds Johannes Rossouw, MARQUARD

17 — Dr Suzanne van der Merwe, KROONSTAD-NOORD

18 — Ds Hansie Swart, FAUNA

19 — Ds De la Harpe le Roux, SINODALE KANTOOR

19 — Ds Melissa Jacobs, ARLINGTON & LINDLEY

- lekker verjaar -



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Kom ons vier Wêreldomgewingsdag

As Vrystaters ken ons die grootsheid van God se skepping eerstehands – van die uitgestrekte, goudgeel mielielande en die welige grasvelde tot by die asemrowende Malutiberge.

Op **Vrydag 5 Junie** vier die mensdom weer **Wêreldomgewingsdag**. Vir ons as gelowiges is hierdie nie net nog ’n sekulêre kalenderdag nie; dit is ’n dringende herinnering aan die heel eerste opdrag wat God volgens Genesis 2:15 aan die mens gegee het. Omgewingsbewaring is dus ’n vorm van rentmeesterskap.

**Die doelwitte van Wêreldomgewingsdag**

Die hoofdoel van hierdie wêreldwye inisiatief is om mense bewus te maak van die kwesbaarheid van ons planeet. Vanjaar is die fokus sterk op klimaataksie (konkrete stappe, beleide en projekte wat ontwerp is om klimaatsverandering teen te werk, kweekhuisvrystellings te verminder, en gemeenskappe teen klimaatsgevare te beskerm), grondherstel en die bekamping van woestynvorming.

**Lees** meer »

# AKTUEEL EN ALGEMEEN




Die NG Kerk Vrystaat wil gemeentes bedank vir hul gebede en ondersteuning aan gemeenskappe wat deur die onlangse vloede geraak is. Terugvoer vanuit die Algemene Sinode bevestig dat die nood tans die grootste is in die Wes- en Suid-Kaap sinodale gebied. Gemeentes, lidmate en gemeenskappe daar doen reeds wonderlike ondersteuningswerk, maar die behoefte bly groot. Die Algemene Sinode het reeds fondse beskikbaar gestel vir ramphulp, en die NG Kerk Vrystaat beoog ook om 'n verdere bydrae vanuit die Hoopfonds te maak.

Gemeentes en lidmate wat graag **finansieel wil bydra tot noodleniging in die Wes- en Suid-Kaap**, kan dit doen deur die volgende **rekeningbesonderhede**:

**The Hope and Reconciliation Trust**
Rekeningnommer: **116 997 5933**
**Nedbank, Tjekrekening**
Tak: **Southern Peninsula (198 765)**
SWIFT-kode: **NEDSZAJJ**
Verwysing: **Rampfonds**

Navrae oor die ramphulp kan gerig word aan Alex Clark by 083 492 5753. Artikel 18A-sertifikate is beskikbaar op versoek by **diaconia@kaapkerk.co.za**. Bid asseblief steeds vir almal wat deur die vloede geraak is, asook vir gemeentes en organisasies wat hulp verleen.



CLF


GEE R69
ABSA Bank
Rek no: 470 188 502
Tjek rekening
Takkode: 632005
Verwysing: CLF69
Besoek
https://clf.co.za/donations/
vir verdere opsies
EFT
vir CLF se
69 JAAR
in diens van die Here


NEW
DISRUPTING THE DIVIDE
A Story of Costly Love in a Divided Nation
MIKAL BARNES & PHUMLANI NGWENYA
CLF PUBLISHERS UITGEWERS


BAKENGEMEENTES:
nagedink oor roeping en getrouheid
REDAKSIESPAN:
Lourens Bosman | Marelize Maritz | Mias van Jaarsveld
PROMOSIE
50%
AFSLAG
NOU SLEGS
R147.50
Beperkte voorraad beskikbaar!
Koop dit by alle CLF Boekwinkels of aanlyn - shop.clf.co.za, of stuur 'n epos na order@clf.co.za
WAS R295


THIS WINTER
YOU CAN MAKE
A DIFFERENCE
Blankets
Money
Food
Shoes
Beanies
Gloves
Find a drop-off point near you


WINTER
HOPE♥HOOP
#GiveHopeGiveWarmth
www.winterhoop.org
YOU DON'T NEED
MUCH TO MAKE A
DIFFERENCE





TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
info@toibo.org.za www.toibo.org.za
Baie dankie aan
elkeen wat ons
help om 'n verskil
te maak!
Dankie
Winterhart van
Hoop
Apr – Jul
Kouse
Baadjies
Transoranje Instituut ABSA tjekrek 020 840 145 Verwys: Warmlyfie


R399
2026
jaar
boek
van die nederduitse gereformerde k
www.bybelmedia.org.za


Borg
'n begin
BM
BYBEL-MEDIA



Gee aan elke kind
'n eerste
Jesus-storie
BYBEL
BOU BLOKKE
deur
BYBEL-MEDIA


GO Turquoise
FOR THE ELDERLY
ay - 15 June 2026


Engo
Family Care • Gesinsorg
ARM WINTE
OMBERSE PROJE
ENK KOMBERSE IN MEIMAAN
LEWERING
Gesinsorg
n Heerden Weg, Wilgehof, Bloemfontein
gliks tussen 07:30 – 15:00)
n Curie Park
ereeningingweg, Fleurdal, Bloemfontein
ROSEST
100.6 FM
WAAR JY WIL WEE
ELKE KOMBERS MAAK 'N VERSKIL.
M KAN ONS IEMAND WARM HOU HIERDIE WIN
Meer inligting kontak: Gesinsorg Bloemfontein – 051 -522 6914


CRUISE
for a cause
Engo
Wen 'n luukse
MSC Cruise
na die Portugese
11 – 14 Desember 2026
MSC
CRUISES
EVOLVE
AUDIT & ADVISORY
Minimum R50 skenking
Sluitingsdatum: 30 Septemb
Trekking van wenner teen 23
www.engo.co.za


CLICK &
SAVE!
BIBLE
30% OFF
all Bibles*
Only valid online at
www.bibleshop.co.za
DURING
JUNE
2026
* T's and C's


the sower
Number 251 • 2026
OOK BESKIKBAAR IN AFRIKAANS
With
PRAYER
GUIDE


Back in
STOC
IBHAYIBHELI
ELICWENGILEKO
ISINDEBELE
2012 translation
R699
Complete Bible, standard size,
black hardcover, red-edged w
footnotes and maps.
ORDER TOD
sales@biblesociety.
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa

ENTERPRISES
University of Pretoria

# BRUGBEDIENING




Foto by Joseph Barrientos op Unsplash

**DOEL** – Die weggaan van 'n predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van bepaalde onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om reeds goed opgeleide predikante verder op te lei vir wat brug of interim bediening genoem word. Dit is doelgerigte en spesialis opleiding om gemeentes tydens hierdie oorgang periode, soms deur korporatiewe trauma heen, tot voordeel van die gemeente se nuwe toekoms te begelei en waar nodig te fasiliteer.

**DATUMS :** **Week 1: 27 – 30 Julie 2026**

**Week 2: 16 – 19 November 2026**

**KURSUSLEIER:** Prof Malan Nel

**DOSENTE:** Malan Nel, Roelf Opperman, Hannes J van Rensburg, Stephan de Beer en nog 6 ander.

**KURSUSKOSTE** – R4 850 (VAT INKL)

**PLEK -** NG Kerk, Stellastraat, Pretoria /DRC Stella Street, Pretoria.

**VBO Krediete :** 70

**KONTAK -** Irene Thomas , 012 420 4952 OF **EPOS :** irene.thomas@up.ac.za

ENTERPRISES
University of Pretoria

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE







**10 Junie**

5 VBO-punte

Die digitale impak op kinders en jongmense




**11 Junie**

10 VBO-punte

Goeie Nuus wat mense inspireer om dissipels te maak!




**18 Junie**

10 VBO-punte

Ou Testament: Die Pentateug in die skadu van Empire



**23 Julie**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Edith Stein* met dr Lisel Joubert




**4 & 5 Augustus**

Pretoria & JHB/Soweto

Preaching Luke Backwards with Prof Eric D Barreto



**22 Oktober**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *Oscar Romero* met dr Lisel Joubert

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

## KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie




Van die kantlyn | Ons kan omgee vir 'buitelanders' asof dit ons en ons kinders is wat verjaag word

*5 Junie 2026*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Heléne Meissenheimer*

»




NG Kerk Vrystaat: Predikant in sinodale diens (PSD) Bedieningsbegeleiding

*3 Junie 2026*
*Kerkbode,*
*Vakatures*

»



Leergeleentheid daag NG Kerk se storievertellers uit om 'n kaart nader te trek (en teen spertyd te werk)

*3 Junie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*

»



Hoekom is die kindermoment mosterd ná die maal?

*3 Junie 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Anriëtte de Ridder*

»




Jongste gedrukte koerant: Skrywers bekroon, briefskrywers praat oor rampbystand en getuienisse van 'n ma en 'n boer

*22 Mei 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Le Roux Schoeman*

»



Help! My geliefde se werk is in gedrang (Wenke om ander sinvol by te staan)

*20 Mei 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Le Roux Schoeman*

»

Google **Play** kerkbode.christians.co.za **App Store**

## Stories vir die siel





**R300** »

### Inspirerende kortverhale

Kortverhale kan soms jou hart breek en weer aanmekaar sit, jou laat skaterlag, dieper oor die lewe laat besin, en jou wegvoer na ander tye en plekke. Stories vir die siel: Inspirerende kortverhale is 'n unieke versameling van kortverhale en saamgestel uit bydraes van bekende skrywers, asook verskeie debuutskrywers. Laasgenoemde het deelgeneem aan die LUCA-kortverhaalkompetisie wat daarop gerig was om aspirantskrywers blootstelling te gee. Die resultaat is 'n verskeidenheid van uiteenlopende stories wat om geloof wentel met die doel om hoop en lig vir die leser te bring.

## Grenslose genade





**R220** »

### 'n Moderne Geloofbelydenis

Die boodskap van die Nuwe Testament is dat Jesus die straf vir die mens se sonde op Hom geneem en vryspraak verwerf het vir diegene wat in Hom glo. Hierdie geloof in die plaasvervangende lyding van Jesus laat vrae by baie mense ontstaan. Was die wrede dood van Jesus nodig? Waarom vergewe God nie onvoorwaardelik, sonder om 'n offer te eis nie? Is God die Vader beperk in sy vergewensgesindheid? Die geloof in hemel en hel wek angs en twyfel by vele – angs vir die hel en twyfel of hulle die hemel sal 'haal'. Kan 'n God van liefde, die God wat deur die Christelike Kerk verkondig word, so iets oor sy hart kry?

## Daka




**R320** »

### Daar is dinge wat net die dood en die see jou leer

Die verdwyning van 'n doodgewone ou wat verskriklike dinge oorgekom het – en 'n nog erger ding aangevang het – en sy drome oor 'n eiland en 'n eienaardige waterwese … en 'n nuwe begin. Elke voortvlugtige is 'n ontdekkingsreisiger en elke reisiger 'n vlugteling, en Adam Richter was geen uitsondering nie. Daar was wraak by die dam en 'n storm op die see en smokkelaars en hippies en gewone tortelduiwe en enorme vlermuise, en later 'n hardkoppige rooikop – onder andere. Sy lewe was nie een lang, uitgerekte verhaal soos die van meeste ordentlike mense nie. Eerder 'n bondel erg teenstrydige stories, in chaos verweef.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

**VAKATURES**

vakatures@tydskrifte.co.za

**AMPTELIK**

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**AANVAAR** | **Ds Stephan Heyns** het die beroep na die NG Gemeente Koppies-Weltevrede aanvaar. Sy bevestiging het op Donderdag 14 Mei 2026 plaasgevind. **Ds Stephan Swart** van die NG Gemeente Bethlehem-Efrata het die beroep na die NG Gemeente Calvinia aanvaar en is vanaf Maandag 1 Junie 2026 daar werksaam. **Dr Hancke van Blerk** van die NG Gemeente Piet Retief het die beroep na die NG Gemeente Smithfield aanvaar. Hy word Sondag 5 Julie 2026 in die gemeente bevestig.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Vakatures




## PSD Bedieningsbegeleiding

Voltydse senior leierskapspos

ʼn Dinamiese en strategiese leier word gesoek om as PSD van Bedieningsbegeleiding te dien. Hierdie pos bied die geleentheid om ʼn betekenisvolle rol te speel in die begeleiding, strukturele en pastorale ondersteuning van leierskap, gemeentes en ringe. Die suksesvolle kandidaat sal ʼn bewese vermoë hê om visie in werklikheid om te skakel en ʼn passie dra vir die opbou van die kerk van Christus.

**• Leierskap**
Begeleiding, ondersteuning en voortgesette ontwikkeling van die gemeentelike leierskap met ʻn besondere fokus op die leraars: hulle roeping – pastoraal, professioneel en persoonlik.

**• Gemeentes**
Strategiese begeleiding aan gemeentes om ʻn gesonde, missionale en volhoubare bediening te bevorder.

**• Ringe**
Samewerking met ringe om die kerkverband en gemeentes te versterk, onderlinge bystand te bevorder en ʻn gemeenskaplike visie te verwesenlik.

**SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE**

- Ontwikkel en implementeer ʼn koherente strategie vir bedieningsbegeleiding
- Begelei en mentor leraars in verskillende lewens- en bedieningsfases
- Ontwikkeling van leierskap op ring- en gemeentevlak
- Bou netwerke van ondersteuning en samewerking tussen gemeentes en ringe
- Identifiseer en ontwikkel hulpbronne, programme en instrumente vir bedieningseffektiwiteit
- Dien as verbindingspersoon tussen sinodale strukture en die gemeente

**VEREISTES**

- Relevante tersiêre kwalifikasie in Teologie
- Gelegitimeerde leraar met volle bevoegdheid
- Bewese rekord van suksesvolle begeleiding, mentorskap en opleiding van leiers
- Sterk interpersoonlike vaardighede met pastorale sensitiwiteit en die vermoë om vertrouensverhoudings te bou
- Uitstekende kommunikasie-, organisatoriese en administratiewe vaardighede
- Vermoë om onafhanklik en as deel van ʼn span te werk, met sterk besluitnemingsvermoë
- Bereidheid om te reis en betrokke te wees by verskillende geografiese kontekste

**SLUITINGSDATUM**
12 Junie 2026

**DIENSAANVAARDINGSDATUM**
1 September 2026 of soos onderhandel

**NAVRAE**
Kan gerig word aan ds Christo Nel by 076 943 2006 of **soekie@lantic.net**

**AANSOEKE**
Stuur ʼn volledige CV en dekbrief met persoonlike bedieningsfilosofie en motiveringsrede vir die posaansoek na: **Mnr Adriaan de Ruiter** by **reken@ngkvs.co.za** (vermeld "PSD: Bedieningsbegeleiding" in die onderwerpreël). Slegs kortlyskandidate sal gekontak word.

*Die NG Kerk Vrystaat behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.*



**Foto:** *Ds Jan Lubbe (verskaf)*

ALGEMEEN
Voorsitter van die Moderamen
*Ds Jan Lubbe*

# Om oor die rivier te kyk ...

Aan alles kom daar hier, 'n einde.

Terwyl ek gisteraand hieraan begin skryf, kom die oproep dat oom Kowie Wessels oorgestap het. Hy was 96, een van ons oudste lidmate, 'n merkwaardige mens en geliefde medegelowige. Jare lank betrokke by die uitreik na die San-mense in die noorde van Namibië; elke jaar het hy ten bate van hulle en DEGNOS kraletjies en kurios by ons Pinksteruitstalling gehad. En Sondagoggende vroeg deel van die gebedsgroep in ons gemeente, vóór die erediens vir die Woordverkondiging hier en naby en ver. Nou't hy oorgegaan in aanskoue.

Moses, die "vriend van God" was 120, sê die Skrif, toe hy van die Berg Nebo af oor die Jordaanrivier gekyk het, die vlaktes verby Jerigo, die Beloofde Land in. Die Here het dit als vir hom gewys (Deuteronomium 34).

'n Stuk of vyf eeue later het Elia en Elisa ook by 'n drif deur die Jordaanrivier gestaan, nie ver van Jerigo nie. Heeldag al gegroet: Die tyd het gekom dat hy moes oorstap, die vurige strydwa en perde het gewag, dit was vir nóg die jonge Elisa nóg die oue Elia maklik. Die mantel moes laat val word, en opgetel word. God se Gees gaan verder ...

Die Jordaanrivier is spreekwoordelik daardie grens waaroor iedereen van ons eendag sal móét. So aangrypend berym in die bekende "Guide me, O my great Redeemer" (ons Lied 280): "When I tread the verge of Jordan, bid my anxious fears subside." Laat my veilig oorgaan, en Anderkant in die Beloofde Land aankom, met 'n pryslied, vir ewig aan ons God. Het Moses gesing daar bo op die berg Nebo? Was hy bedroef? Dáár, in die intieme gesprek tussen die Here en hom, kom die verlede wel weer ter sprake: lewe in Egipte by die vleispotte, maar ook daardie dag met die moord; die keer op die berg Horeb met die bos wat brand en die Stem wat roep "Ek ís"; ...

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement

*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*